

EUGÈNE MARAIS
STIGTING • FOUNDATION

PROSPEKTUS

EUGÈNE MARAIS STIGTING NPC
MAATSKAPPY NOMMER: 2012/096695/08
DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING
NOMMER: NPO 153390

ARTIKEL 18A INKOMSTEBELASTINGSERTIFIKAAT
PBO NOMMER: 930051924

DIREKTEURE: DR. D.J. DU TOIT, J.P. KOTZÉ, DR. J.L. MARAIS
EUGÈNE MARAIS STIGTING • REGISTRASIENOMMER 2012/096695/08 • 'N MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

INHOUDSOPGAWE

1.	Terreinplan: Voorgestelde onderverdeling by Rozenfontein Row, Paarl	2
2.	Fotos: Die Skooltjie en die Koshuis	2
3.	Die Eugène Marais Stigting: Benadering	3
4.	Die Eugène Marais Stigting: In ‘n Neutedop	3
5.	Die meriete van die Eugène Marais Stigting	4
6.	Die meriete van die Eugène Marais Stigting in die Paarl	5
7.	Eugène Marais temas	6
8.	Doelwitte gehaal tot November 2017	9
9.	Raak finansieel betrokke	11
10.	Word 'n lid van die Eugène Marais Stigting	11
11.	Strategiese vennote	11
12.	Ter opsomming	11

Saamgestel deur:

Dr. Niël du Toit
Tel.: 082 556 7562
e-pos: nieldutoit@eugene-marais.org.za
Kyk verder by: www.eugene-marais.org.za

1. TERREINPLAN: VOORGESTELDE ONDERVERDELING BY ROZENFONTEIN ROW, PAARL

Die Terreinplan wat beide die ligging van Die Skooltjie asook Die Koshuis uitlig.



2. FOTOS: DIE SKOOLTJIE EN DIE KOSHUIS

Die Skooltjie (links) en Die Koshuis (regs) soos dit vandag daar uitsien.

3. DIE EUGÈNE MARAIS STIGTING: BENADERING

Binne die kontoere van ***hervertolking*** en ***kommunikasie*** moet die Eugène Marais Stigting doelgerig en doeltreffend funksioneer. Hervertolking veronderstel kontinuïteit met die verlede, maar dan in ’n openheid vir die toekoms. Dit impliseer trou aan eie oorspronge, maar juis daarom ook die skeppende verbeeldingskrag wat tot omvorming en hervorming in staat stel.

Die Doel van Eugène Marais Stigting

Om Eugène N. Marais se eie en selfstandige bydraes as temas te hervertolk en in ’n openbare forum aan te bied om ruimte vir innovering te skep. Met hierdie doel kan ons ons aksies in die volgende bestuursraamwerk in ‘n neutedop saamvat.

4. DIE EUGÈNE MARAIS STIGTING: IN 'N NEUTEDOP

4.1 Visie

‘n Ruimte vir innovering.

4.2 Missie

Die Eugène Marais Stigting dra skeppend by tot die kulturele landskap deur navorsing te stimuleer en skakeling te fasiliteer op die terrein van literatuur, wetenskap en aktuele aangeleenthede in voortsetting van die uitnemende, innoverende prestasies en nalatenskap van Eugène Marais.

4.3 Doelstellings

4.3.1 Die entiteit:

Om vir die nie-winsgewende maatskappy **Eugène Marais Stigting NPC - Maatskappy #2012/096695/08** fondse in te samel, sonder risiko te belê en volhoubaar te bestuur in diens van die missie.

Eugène Marais Stigting NPC, **First National Bank**, Paarl
Takkode 200110
Rekeningnommer 62436637039

Dept. van Maatskaplike Ontwikkeling nommer: **NPO 153390**
Artikel 18A Inkomstebelastingsertifikaat nommer: **PBO 930051924**

4.3.2 Die terrein: Die Eugène Marais Kampus

- Om die oorspronklike terrein van die *Paarl Public School for Boys* by Rozenfontein Row 1, 2 en 3, waar Eugène Marais van 1884 tot 1887 skoolgegaan het, aan te koop, te restoureer en in te rig as die **Eugène Marais Kampus vir Innoveer en Leer**.
- Om in die skooltjie ‘n besoekpunt vir toeriste te skep deur die voorsiening van ‘n interaktiewe inligtingsentrum oor die lewe, werk en tydgenote van Eugène Marais.
- Om die koshuis as sentrum vir inkomstegenerering in te rig.

4.3.3 Die program:

- Om met verwysing na die talle temas waarby Eugène Marais betrokke was, die gerestoureerde koshuis te gebruik om:
  - Toepaslike, winsgewende projekte op en vanaf die Kampus vir teikengehore aan te bied.
  - Openbare tafelgesprekke/seminare te reël en te fasiliteer met genooide kundiges waar nuwe perspektiewe ontgin kan word oor aktuele onderwerpe. Uitkomste van die gesprekke/seminare moet hipotesestellings help formuleer deur perspektiewe as vrae en/of voorstelle aan te bied.
  - ‘n Ingesteldheid by die jeug en volwassenes aan te moedig en te ondersteun wat bevorderlik is vir die nastreef van uitnemendheid.
- Om die Stigting te laat akkrediteer as ‘n onafhanklike navorsingsentrum en die moontlikheid te ondersoek om ‘n tydskrif te publiseer van gekeurde populêr–wetenskaplike artikels.

- Om ‘n navorsingsfonds te skep en te bestuur wat kandidate finansieel kan bystaan met goedgekeurde navorsingsprojekte en publikasies op die terrein van literatuur, wetenskap en aktuele sake.
- Om die Stigting se bedrywighede deurlopend via verskillende platforms in die digitale media bekend te stel en te bemark. www.eugene-marais.org.za

5. DIE MERIETE VAN DIE EUGÈNE MARAIS STIGTING

5.1 Die Persoon

As ‘n mens sou vra na wie die grootste Suid–Afrikaners (Politici uitgesonder) is, sou Eugène Marais op enigiemand se lys altyd ‘n hoë posisie beklee.

Hy is beskryf as geniaal en veelsydig. Die hoë vlakke van prestasie van sy veelsydige bydraes is algemeen aanvaar. Marais was en is steeds, eenvoudig ‘n fassinerende karakter, misterieus en innemend, veelsydig en kompleks, briljant en tragies. Kenners van sy werk en lewe gee toe dat dit onmoontlik is om ‘n samevattende geheel van die persoon en sy werk te probeer saamstel.

Daar is besin oor die verskillende tydperke in Marais se lewe, byvoorbeeld sy Bolandse verblyf, sy onstuimige verhouding met president Paul Kruger en die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), sy buitelandse verblyf/reise, sy rol tydens die Britse besetting ná die Anglo-Boereoorlog in die Transvaalkolonie, asook sy verblyf in Waterberg, Heidelberg, Pretoria en Pelindaba. In die verhaal oor Marais se lewe is morfienverslawing, sy liefde vir kinders en sy selfdood belangrike en telkens terugkerende onderwerpe.

5.2 Eugène Marais was op verskillende maniere en terreine ’n baanbreker

(Bron: Eerste gedenklesing deur dr Johann Lodewyk Marais, Paarl, 9 Junie 2016)

5.2.1 In 1890, op negentienjarige ouderdom, word hy redakteur en, ’n jaar later, mede-eienaar van die Nederlandstalige weekblad *Land en Volk*, wat hom as ondersoekende joernalis in botsing met president Kruger se politiek en ander hooggeplaastes in die Volksraad en ZAR sou bring. Die korrupsie, nepotisme en gekonkel waarteen Marais hom verset het, bly opmerklik waardes van die vrye pers wat ook vandag in Suid-Afrika aktueel is.

5.2.2 ’n Gebroke gesinslewe sou byna lewenslank vir Marais beskore wees. Volgens Charles Malan (1989: 9) het hierdie faktore daartoe gelei dat die Jungiaanse “bedreigende magte van die skadu (Lalele, donkerte, dood, die slang – laasgenoemde egter ook ’n transenderingsimbool)” deel van Marais se lewe was. Dit kom tot uiting in sy baanbrekende vrye vers-poësie – die eerste in Afrikaans.

5.2.3 Gebeure rondom die Jameson-inval (1895–1896) en die Anglo-Boereoorlog lei daartoe dat hy die magte van ongebreidelde imperialisme intens ervaar het. Hy het hom in Londen toegewy om die oorlog te probeer vermy. Omvattende navorsing het nuwe lig op hierdie tydperk gewerp en aangetoon hoe Marais die (slag)offer van die magtige donker imperialistiese strominge van die tyd was. Dit was die gevolg van sy betrokkenheid by Lord Milner en Percy FitzPatrick in Londen en hulle genote, Cecil John Rhodes en Werner Beit, in Suid-Afrika.

5.2.4 Ná sy Londense verblyf van 1897 tot 1902 het Marais hom grootliks op die natuur begin toespits en het hy daarin sy heil gevind en hom sodoende verweer teen die aanslag van persoonlike verliese en die politieke gebeure en geldmagsuiting wat elders gebotvier het.

5.2.5 Dit sou hom beweeg om vrae te vra oor Christelike geloofswaarhede en sy toevlug te neem tot wetenskaplike kennis, verklarings en sy eie dikwels onortodokse toepassing daarvan as geneser. Marais wend verhale aan om te illustreer dat daar rasionele verklarings vir vreemde en bonatuurlike verskynsels is. Baie van sy hipoteses word vals bewys, maar hipotesevorming val steeds binne die raamwerk van goeie natuurwetenskap.

5.2.6 In die Waterbergse natuur het Marais volkome opgegaan in sy waarneming van die gedrag van die Kaapse bobbejaan (*Papio ursinus*), termiete *(Amitermes Atlanticus*) en die swartmamba (*Dendroaspis polylepsis*) en het hy sy kennis wat hy in Europa verryk het, ingespan om met baanbrekerswerk in *Die Siel van die Mier* (1934), *Burgers van die Berge* (1938) en *The Soul of the Ape* (1969) vorendag te kom.

5.2.7 Soos ook uit Marais se antropologiese belangstellings en die neerslag daarvan in *Dwaalstories en ander Vertellings* (1927) blyk het hy hom spesifiek tot Afrika gewend en hom met die fauna en flora en mense van die subkontinent vereenselwig.

5.3 Op grond van ’n aantal redes het Marais ’n hoëprofielpersoon geword

5.3.1 Heel bo aan die lys van faktore wat daartoe bygedra het, is ongetwyfeld die gedig “Winternag”, wat op 23 Junie 1905 in *Land en Volk* verskyn. Dit word steeds as die voorste Afrikaanse gedig beskou.

5.3.2 Met verloop van tyd is baie aandag aan Marais se werk gegee en is nie minder nie as vier biografieë oor hom geskryf (F.G.M. du Toit, 1940; P.J. Nienaber, 1951; Nienaber-Luitingh, 1962; Leon Rousseau, 1974) wat tot sy kanonisering bygedra het. Marais se werk is wyd gelees, dikwels herdruk en deur geslagte leerders en studente bestudeer. Uitgebreide studies en proefskrifte oor hom en sy werk is deur sowel letterkundiges as historici hier en in die buiteland geskryf. Sedert die publikasie van die Amerikaanse draaiboekskrywer Robert Ardrey se *African Genesis: A Personal Investigation into the Animal Origins and Nature of Man* (1961), wat hy aan Marais opgedra het, en Leon Rousseau se populistiese *Die groot verlange: Die verhaal van Eugène N. Marais* (1974) en rolprente soos Athol Fugard en Ross Devenish se *The Guest: An episode in the life of Eugène Marais* (1977) en Katinka Heyns se *Die Wonderwerker* (2012), sowel as Carel van der Merwe se boek *Donker Stroom, Eugéne Marais en die Anglo–Boereoorlog (2015),* het Marais se statuur gegroei.

5.3.3 Die erkenning van sy statuur as wetenskaplike het in die 1960’s, 1970’s en 1980’s momentum gekry in ’n tyd toe Suid-Afrika se kernenergieprogram by Pelindaba op dreef gekom het (en waar hy, ironies genoeg, in 1936 selfmoord gepleeg het), die land ’n gevoel van euforie beleef het ná professor Christiaan Barnard se hartoorplanting en die werk van paleoantropoloë soos Raymond Dart, die Leakeys en Phillip V. Tobias wyd bekend geword het.

5.3.4 Marais is as ons verwaarloosde pionier gesien, en om dié saak reg te stel is onder meer die Eugène Marais-leerstoel in Natuurlewebestuur aan die Universiteit van Pretoria geskep (’n inisiatief van doktor Anton Rupert) en is die Eugène Marais-hospitaal in Pretoria na hierdie baanbreker en ikoon, wat by geleentheid in die Waterberg as kwakgeneesheer gepraktiseer het, vernoem.

5.3.5 Marais se werk oor dieregedrag is in dié tyd vergelyk met dié van Konrad Lorenz (1903–1989), Nikolaas Tinbergenen (1907–1988) en Karl von Frisch (1886–1982), wat in 1973 die Nobelprys vir hulle etologiese bydrae gedeel het. Volgens professor O. Anne E. Rasa (1989: 19–20), wat onder Lorenz gepromoveer het, was Marais *"...definitely a pioneer in his approach to the understanding of animal behavior, a pioneer, however, heavily influenced by the mode of thinking of his times and cut off by distance and isolation from the progress being made in the field... His role in the history of the behavioral sciences however, was overshadowed by tragedy. His name is not listed amongst the ‘greats’ of ethology, although it certainly deserves to be. Had Maeterlinck not plagiarised ‘The Soul of the White Ant’, ‘Burgers van die Berge’ not appeared in Afrikaans rather than English and had not ‘The Soul of the Ape’ remained hidden for nearly 40 years, all might have been very different and his genius would have had deserved acknowledgement".*

Dalk kan ons voortgesette beskouings en denke oor Marais se bydrae, wat juis ’n poging is om tot op die bodem van al sy kwellinge te kom, geregverdig word as ’n vorm van dankbetuiging.

6. DIE MERIETE VAN DIE EUGÈNE MARAIS STIGTING IN DIE PAARL

As gevolg van die onstabiliteit in die ZAR ná die Eerste Vryheidsoorlog het Eugène Marais die laaste jare van sy skoolopleiding in die Paarl deurloop aan die *Paarl First Class Public School*, later die Hoër Jongenskool Paarl.

Op die Zomerlust eiendom in die Paarl het die skooltjie en koshuis van die *Paarl Public School for Boys* (1876 tot 1900) in ‘n goedbewaarde toestand behoue gebly. Eugène N. Marais het hier van 1884 tot 1887 skoolgegaan. Sover ons kon vasstel, is dit die enigste goedbewaarde geboue in Suid-Afrika waar Eugène Marais geleef en/of gewerk het wat dit leen vir sinvolle, praktiese toekomstige gebruik rondom sy nalatenskap.

Die ligging beteken dat die terrein letterlik in die sentrum van die historiese kern van die Paarl is. Dit is ‘n erfenisterrein vir die Paarl, Suid-Afrika en ook internasionaal omdat die geografiese trefwydte van Marais se werk wyd strek - die Paarl, Stellenbosch, Pretoria, Waterberg, België, Londen, Egipte en Oos - Afrika.

Aan oorgelewerde bronne in die temas waarby Eugène Marais betrokke was, laat hy ons met ’n ryk erfenis. Ons het voldoende bronne - of oorspronge - as ’n kreatiewe kern vir toekomstige gebruik. Ons beskou dit steeds as ’n lewende impuls wat ons dring om nuwe uiting daaraan te gee.

Die bronne is verwerk in 'n aantal temas vir aanbieding as inkomste genererende projekte.

7. EUGÈNE MARAIS TEMAS

Die ondergenoemde temas uit Marais se bydraes saam met die vlak waarop dit gelewer is, verwoord die doelstellings van die Eugène Marais Stigting.

'n Groot getal en 'n diverse verskeidenheid van projekte vir verskeie teikengehore kan rondom die temas waarby Eugène Marais betrokke was, aangebied word. Voeg daarby die projekte van hedendaagse en aktuele sake waarvoor ons ruimte skep.

7.1 PRETORIA

7.1.1 Agtergrond: Pretoria geskiedenis (om en by) 1870 tot 1940.
7.1.2 Marais familie en kennisse in Pretoria – regspraktisyns, joernaliste, politici en kulturele figure (Hennie Marais, Jimmy Roos, Melt Marais, Tielman Roos, M.E.R., Mabel Malherbe, Ewald Esselen, Gustav en Hannie Preller, F.W. Engelenburg, die Findlay en Niemeyer families, C. Louis Leipoldt, ens.)

7.2 DIE BOLAND

7.2.1 **Stellenbosch**. Sy familie se bande met Oude Nektar, Mostertsdrif en Klein Gustrouw.
7.2.2 **Paarl**. Sy bywoning van die *Paarl Public School for Boys* van 1884 tot 1887.

7.3 JOERNALISTIEK

7.3.1 Die eienaarskap van *Land en Volk* en die aanwending van Afrikaans
7.3.2 Die *Transvaal Advertiser.*
7.3.3 Posisie van *De Volksstem* en die *De Pers/The Press*
7.3.4 (the) *Star* – Johannesburg vs Pretoria koerantwese
7.3.5 Eugène N. Marais en persvryheid
7.3.6 Rubriekskrywer
7.3.7 Die korrupsie, nepotisme en die ZAR-gekonkel waarteen Marais hom verset

7.4 LONDEN

7.4.1 Regs- en mediese studies
7.4.2 Londen se invloed op Eugène N. Marais: (Gesaghebbende navorsing deur Carel vd Merwe in 'Donker Stroom')
- Egiptologie
- Hipnose
- de Quincey
- Interaksie met primate
- Wording as wêreldburger, keuse van Ex Libris ens.
- Lord Milner en Percy FitzPatrick in Londen. Onderhandel om die ABO te voorkom

7.5 JAMESON INVAL

Eugène N. Marais se bydrae in Pretoria (asook tydens Komitee van Ondersoek, Londen).

7.6 ANGLO-BOEREOORLOG

7.6.1 Brussel/dr. Schultz
7.6.2 Mosambiek
7.6.3 ABO invloed op Eugène N. Marais
7.6.4 Lord Alfred Milner en ook Randlords in Suid-Afrika, Cecil John Rhodes en Werner Beit

7.7 EUGÈNE N. MARAIS AS TAALSTRYDER

7.7.1 Afrikaans onder Engelse bewind
7.7.2 Voorstaander van Afrikaans. Erken as die leier van die Tweede Taalbeweging met die verskyning van *Winternag* in 1905
7.7.3 Samewerking met Gustav Preller

7.8 TERMIETE

7.8.1 *Huisgenoot* artikels
7.8.2 *Die Siel van die Mier*/*The Soul of the Ant*
7.8.3 Vertalingsproses na Engels en ander tale (Italiaans, Duits ens.)
7.8.4 David van Reybrouck – *De Plaag* (2003) en *Die Siel van die Mier* (2004)
7.8.5 Plagiaat/Maeterlinck/Marais jnr
7.8.6 Aansluiting by werk van latere entomoloë
7.8.7 Aansluiting by hedendaagse "kunsmatige intelligensie"

7.9 PRIMATE

7.9.1 *Burgers van die Berge* as vertrekpunt vir *Die Siel van die Aap*
7.9.2 *Die Siel van die Aap* (5 hoofstukke soos dit verskyn in *'n Paradys van Weleer*) of die 10 hoofstukke in *My Friends the Baboons* en later in *The Soul of the Ape* (11 hoofstukke)
7.9.3 Vertalingsproses na Engels en ander tale
7.9.4 Aansluiting by werk van latere primatoloë

7.10 ERKENDE PROFEET VAN DIE ETOLOGIE
(Kennis van dieregedrag om menslike gedrag te begryp)

Erkenning hiervoor deur:

- Anton Rupert
- Konrad Lorenz
- Robert Ardrey
- Prof. O. Anne E. Rasa
- Michel Odent (Die verband tussen natuurlike geboorte en moederliefde)

7.11 DROOGTE

Eugène N. Marais se *artikel Notes on some Effects of Extreme Drought in Waterberg-*, Smithsonian Institute, 1914. Hierdie vertrekpunt kan aangevul word met o.a.

7.11.1 *How the White Ants battled against Drought*
7.11.2 'Waar die Wêreld Verkeerd Om Wentel'
7.11.3 'Die Verwoestingsgang van Droogte'
7.11.4 'Kan die Voëls vir Ons Droogte Voorspel'
7.11.5 'Ondergang van die Tweede Wêreld'

7.12 SLANGE

7.12.1 Slange – veral mambas
7.12.2 Slanggif: Tipes/Teengif
7.12.3 Herpetoloog Johan Marais se sienings

7.13 BROODBOOM

Agtergrond omtrent die ontdekking van *Encephelartos Eugene-maraisii* in Waterberg.

7.14 EVOLUSIE

7.14.1 Eugène N. Marais vis à vis Charles Darwin en Ernst Häckel
7.14.2 Eugène N. Marais se sienings oor:
7.14.2.1 ´Gedetermineerde erflike doelbeweging´
7.14.2.2 ´Instink – Die dieresiel´
7.14.2.3 ´Diere en die vermoë om te leer´
7.14.2.4 ´Hesperiese neerslagtigheid´

7.15 DIE BONATUURLIKE

7.15.1 Hipnose

7.15.1.1 Oorsprong in die natuur
7.15.1.2 Jagtegnieke van diere
7.15.1.3 Suggestie en die onderbewussyn (Sigmund Freud)

7.15.2 Telepatie; levitasie; *clairvoyance*; goëlkuns en spoke

7.16 VERSLAWING

7.16.1 Eugène N. Marais oor 'euforiese vergiftiging' (Nikotien, Alkohol, Opium, Morfien)
7.16.2 Koppeling aan selfdood (as wêreldwye verskynsel deur die eeue)

7.17 INHEEMSE BEVOLKING

7.17.1 Boesmans – 'Boesmanklippe en Geheim van die Boesmanklippe'
7.17.2 Herero´s – 'Die Woestynvlug van die Herero´s'
7.17.3 Die Pedi´s – 'Modjadji'
7.17.4 Die Sotho´s – 'Morena di Metsi, die Vors van die Waters'
7.17.5 Die Bakwena – 'M´vubu (Die Seekoei)'
7.17.6 Die BaVenda – *The Bavenda´s Sacred Beeds*
7.17.7 Vaalpense – ''n Klein Kerkops en sy werk'
7.17.8 Gemengde kultuurgroepe – 'Die Lokasie'
7.17.9 Zulus, Damaras, Korannas ens.

7.18 EUGÈNE N. MARAIS & MUSIEK

7.18.1 Rosa Nepgen, *Marais Liedere* (1945)
7.18.2 Arnold van Wyk, *Van liefde en verlatenheid* (1956)
7.18.3 Hubert du Plessis, *Die dans van die Reën* (1956)
7.18.4 Hendrik Hofmeyer
- *Twee Gedigte van Eugène Marais, high voice, piano* (1978–85)
- *Nag* (1981–83)
- *Die Dans van die Reën* (1985)
- *Sinfonia Africana* (2003)
- *Die Dans van die Reën, mixed choir* (2004)
- *Winternag, mixed choir* (2005)
- *Mabalêl – Fantasia on the poem by Eugène Marais* (2010)

7.18.5 Stefans Grové, *7 Boesman-liedere – Die Woestynlewerkie* (1990)
7.18.6 Lizanne Barnard, *Uit die Bloute – 11 Marais gedigte* (1996)
7.18.7 Laurinda Hofmeyer, *Die dans van die Reën* (2008)
7.18.8 Eva Mouw, Winternag (2012)

Verder: Laurika Rauch (*Skoppensboer*), Piet Botha (*Winternag*), Martin Watt (5 Liedere), Anton Goosen (*Die Siel van Eugène Marais*), Randal Wicomb (*Winternag*), Lourens Faul (*Draadlose Wiegeliedjie*), Marissa von Mollendorf (*Verskeie eie toonsettings*)

7.19 EUGÈNE N. MARAIS & DIGKUNS

Vir meer sien: www.eugene-marais.org.za

7.20 EUGÈNE N. MARAIS & PROSA

Vir meer sien: www.eugene-marais.org.za

7.21 EUGÈNE N. MARAIS & DRAMA

Vir meer sien: www.eugene-marais.org.za

7.22 EUGÈNE N. MARAIS & FILM

7.22.1 *The Guest, an Episode in the Life of Eugène Marais* van Athol Fugard en Ross Devenish (1975)
7.22.2 *Die Siel van die Mier* deur Peet Rossouw (1979)
7.22.3 *Die Wonderwerker* van Chris Barnard en Katinka Heyns (2011)

7.23 EUGÈNE N. MARAIS AS KENNER VAN MYNBOU EN EDELMETALE

7.24 EUGÈNE N. MARAIS AS REGSPRAKTISYN

7.24.1 Pretoria, Johannesburg, Bronkhorstspruit en Heidelberg
7.24.2 Vrederegter in Waterberg

7.25 EUGÈNE N. MARAIS AS KINDERVRIEND

Eerste Afrikaanse gedigte oor feëtjies.

7.26 EUGÈNE N. MARAIS AS MAN VAN AFRIKA

Soos uit Marais se antropologiese belangstellings en die neerslag daarvan in 'Dwaalstories en ander vertellings' (1927) en gevolglike werke blyk, het hy hom spesifiek tot Suider - Afrika gewend en hom met die fauna en flora en mense van die subkontinent vereenselwig.

8. DOELWITTE GEHAAL TO NOVEMBER 2017

8.1 Die nie-winsgewende Maatskappy is gestig en die volgende is gevestig:

EUGÈNE MARAIS STIGTING NPC
FIRST NATIONAL BANK, Paarl
Takkode: 200110
Rekeningnommer: 62436637039
Dept. van Maatskaplike Ontwikkeling nommer: **NPO 153390**
Artikel 18A Inkomstebelastingsertifikaat nommer: **PBO 930051924**

8.2 Formele ooreenkomste is gesluit met:

- Faure en Faure, Prokureurs, Paarl
- Boshoff Visser, Ouditeurs, Paarl
- Maryna Pretorius, Argitek, Paarl
- J.J. Dempers, Meesterbouers, Paarl
- Zomerlust Gastehuis, Paarl
- Cecilia Kruger, Die Erfenisstigting

8.3 Saadgeld vir die Stigting is sedert 2011 geskenk deur:

- Henry Laubscher (namens HJS Klas van 1946 tydens hulle 65ste en laaste reünie in 2011): R2 000.00
- Die Paarlse Burgemeester raadslid Adv G van Deventer
- Munisipale wyk via raadslede Anré Koegelenberg en Johan Miller
- Persoonlike skenking Lambert Retief
- Naspers Voorsittersfonds, Ton Vosloo
- Persoonlike skenking, Koos Bekker
- Dr Cas en Margaret Bakkes
- Elitha Pieterse
- Daniel Lotter
- Minette du Toit
- Lazelle Bonthuys
- Carel van der Merwe
- Rian Moore, MCC Labels
- Mev Adri Becker
- Michael Jonas, Historium Trust
- Dr Dioné Prinsloo, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Cashfocus, Naspers Ltd
- Lenings van die direkteure
- Dr Piet van Staden
- Johan van der Westhuizen

8.4 Die terrein

8.4.1 Die eienaar, Creata Beleggings (Edms) Bpk verkry ‘n onderverdeling vir erf 21857 van die oorspronklike terrein te Rozenfontein Row (Lawaaimaakstraat) 1,2 en 3.

8.4.2 Die Stigting stel die argitek, Maryna Pretorius, aan as argitek en projekleier vir navorsing oor die terrein in samewerking met Marguerite Lombard van Paarl Heemkring. Daarna volg sketsplanne vir die Skooltjie as interaktiewe sentrum en die Koshuis as inkomste genererende sentrum.

8.4.3 J.J. Dempers Bouers bied aan om die bouwerk te doen. Saam met Maryna Pretorius hanteer hulle die geskatte projekkoste plus eskalasie vir die restourasie sowel as die binnenshuise toerusting en tuin. Geskatte totale projekkostes van R20 miljoen is afgehandel in Januarie 2017. Aankoop van die erf, restourasie, toerusting en die tuin is hierby ingesluit.

8.4.4 Maryna Pretorius lei die gesprekke met al die Paarlse bewaringsinstansies en voorlegging aan Erfenis Wes-Kaap vir goedkeuring om te restoureer. Erfenis Wes- Kaap keur die restourasie goed.

8.4.5 Die Erfenisstigting van Pretoria onderteken die amptelike samewerking vir die argeologiese ondersoek van die terrein. Daarby inbegrepe is´n aansoek tot die verklaring van die terrein as ´n erfenisterrein van internasionale belang omdat Eugène Marais se werk internasionaal aanvaar word. Eerste voldag werksessie op terrein 29 en 30 November 2017.

8.5 Die Eugène Marais Kampus

8.5.1 Heini Kotzè stel in samewerking met Zane Meyer van *Faure en Faure* ooreenkomste op vir skenkings, bruikhuur en bruikleen van memorabilia vir die interaktiewe sentrum in die skooltjie

8.5.2 Heini se eie versameling Marais memorabilia reeds geskenk. Genoeg items om die inligtingsentrum in te rig met meer as 400 boeke en ander items.

8.6 Die program

8.6.1 'Die feëkoningin se verjaarsdag' *(*29 Mei 2015) aangebied deur Amanda le Roux en haar laerskoolkinders van *Crafty Kids* saam met dr Rina Steyn. Aangebied in die Zomerlust tuin met feëverhale en gedigte van Eugène Marais as katalisator. (100 laerskool leerders het bygewoon)

8.6.2 Gespreksreeks: Jurie van den Heever in gesprek met 'Eugène Marais oor evolusie' (63 mense het bygewoon). September 2015

8.6.3 Carel vd Merwe se boek bekendstelling – *Donker Stroom* - by Zomerlust Gastehuis in Okt. 2015. Carel, ‘n vorige Eugène Marais pryswenner, stel sy historiese navorsing bekend oor die lewe van Marais in Londen (109 mense het bygewoon)

8.6.4 Proff Andries Visagie, Nick Vink en mnr Jan Pagel du Toit, 'In gesprek met Eugène Marais oor Droogte', Februarie 2016 (55 mense het bygewoon)

8.6.5 Dr Johann Lodewyk Marais se eerste gedenklesing. 'Die ontwikkeling van Eugène N. Marais se statuur' op 9 Junie 2016 in die Paarl (70 mense het bygewoon)

8.6.6 Dr Lina Spies, 'In gesprek met Eugène Marais oor vrye vers'. September 2016 (55 mense het bygewoon)

8.7 2017

8.7.1 23 Februarie: Johannes de Villiers 'In gesprek met Eugène Marais oor die Bonatuurlike'. Eugène Marais Kampus (50 mense het bygewoon)

8.7.2 10 Maart: US Woordfees, Carel vd Merwe, Daniel Hugo en Lina Spies 'In gesprek met Eugène Marais oor Plagiaat'. Voordrag deur Gaireyah Fredericks en musiek deur Marissa von Mollendorf (40 mense het bygewoon)

8.7.3 18 Junie: Gedenklesing en program vir aanbieding in Pretoria. Dr Johann Lodewyk Marais, Lizanne Barnard en Marimba orkes. Voordrag deur Carl en Petru Trichardt (250 mense het bygewoon)

8.7.4 24 Augustus: dr Melodie de Jager 'In gesprek met Eugène Marais oor Pyn met verwysing na geboortepyn en die verband met moederliefde'. Eugène Marais Kampus (40 mense woon by)

8.8 Dagseminare (Diepdink)

Die Eugène Marais Kampus as Diepdink (Think Tank) terrein. 10 Genooide interdissiplinêre deelnemers.

8.8.1 29 Maart 2017: (sterfdatum van Eugène Marais), voldag seminaar oor 'Depressie en selfdood'**.** ‘n Interdissiplinêre groep

8.8.2 9 en 10 November 2017: 'Geloof en Wetenskap', Inleier, Wetenskap; Dr Jurie vd Heever, Inleier, Geloof; Dr Piet van Staden.

8.8.3 1 and 2 February 2018: Let there be water. The Berg River Development Corridor’s proposal for sustainable water supply in the Western Cape.

8.8.4 16 en 17 Augustus 2018: Afrikanerkultuur vorentoe.
8.8.5 13 en 14 September 2018: Ouer word vandag.

8.9 Slypskole

Olv Nicolette van Rensburg en dr Rina Steyn. Geborg deur die Historium Trust.

8.9.1 11 Maart: 'Slypskool vir innoverende denkers' – Graad 6 en 7- leerders: Poësie. (20 deelnemers)
8.9.2 13 Mei: 'Slypskool vir innoverende denkers' – Graad 6 en 7 - leerders: Drama. Marais. (20 deelnemers)
8.9.3 16 September: 'Slypskool vir innoverende denkers' – Graad 6 en 7- leerders: Stories. (20 deelnemers)

8.10 Sosiale media

8.10.1 Redakteursaanstelling voltooi op 1 November 2014 - Jean Oosthuizen.
8.10.2 Webwerf – www.eugene-marais.org.za - aktief en ingeskakel by Facebook op 1 Desember 2014. Maandelikse statistiek oor aktiwiteit. Dui op groei in besoekerstal vanaf 'n lae basis.
8.10.3 Eerste kwartaalblad, TERMIET, verskyn op 30 Augustus. Onder redaksie van Nicolette van Rensburg. Aanvanklike Verspreidingslys: 400.
8.10.4 Tweede kwartaalblad, TERMIET, verskyn op 30 November. Onder redaksie van Nicolette van Rensburg. Verspreidingslys: 600.
8.10.5 Webwerf – www.eugene-marais.org.za, word hernu, Desember 2017.

9. RAAK FINANSIEEL BETROKKE

Donasies word uitsluitlik vir lopende uitgawes aangewend. Tans beloop lopende uitgawes R10 000.00 per maand, maar dit sal toeneem met aanstelling van personeel en ander bedryfsbehoeftes om programitems te finansier. Dit dek ook items soos bankkoste, alarm en internet dienste, vergoeding aan administratiewe klerke en reiskostes om die voorsitter instaat te stel om die Eugène Marais Kampus te propageer. Dit sal geleidelik styg.

Prioriteite wat donasies betref behels tans die aankoop en ontwikkeling van die Eugène Marais Kampus terrein. Ons volg 'n stap vir stap benadering en sal eers die argeologiese ondersoek en argitekopdrag moet afhandel. Daarna sal die bouprojek aangepak word.

Toestemming vir die restourasie van die terrein is van Erfenis Wes-Kaap verkry. Die argeologiese ondersoek word deur Die Erfenisstigting van Pretoria onderneem met die doel om 'n Erfenisterrein te proklameer. Ons argitek, Maryna Pretorius, moet in hierdie verband gedetailleerde planne opstel vir die bouer, JJ Dempers van die Paarl. Geskatte koste van die volledige argeologiese ondersoek en die argitek is R19 000.00 en totale geskatte koste van aankoop en bouprojek is beraam op R20 miljoen.

10. WORD 'N LID VAN DIE EUGÈNE MARAIS STIGTING

Die Stigting grondwet maak voorsiening vir lede. Lede het nie stemreg nie, maar kan vergaderings bywoon.

10.1 Help bou aan die Stigting deur boublokke van minstens R5 000.00 as donasie te skenk. Dit kwalifiseer u as lid van die Stigting.
10.2 U kan voorstelle ter verbetering indien en direkteure aanstel by die jaarvergadering.

11. STRATEGIESE VENNOTE

11.1 Boshoff Visser, Ouditeurs, Paarl
11.2 Faure en Faure, Prokureurs, Paarl
11.3 JJ Dempers Groep, Paarl
11.4 Maryna Pretorius, Argitek, Paarl
11.5 Zomerlust Gastehuis, Paarl
11.6 Cecilia Kruger, Die Erfenisstigting

12. TER OPSOMMING

Die Eugène Marais Stigting is 'n geregistreerde maatskappy sonder winsoogmerke:

EUGÈNE MARAIS STIGTING NPC - MAATSKAPPY # 2012/096695/08
Dept. van Maatskaplike Ontwikkeling nommer: **NPO 153390**
Artikel 18A Inkomstebelastingsertifikaat nommer: **PBO 930051924**

BANKREKENING:

Naam:	**EUGÈNE MARAIS STIGTING NPC**
Bank:	**FIRST NATIONAL BANK**, Paarl
Takkode:	**200110**
Rekeningnommer:	**62436637039**